

# PAARL-SKOOL
**NUUSBRIEF 4/2024**

# PAARL SCHOOL
**NEWSLETTER 4/2024**

> Christopher Reeve het gesê: "A hero is an ordinary individual who finds the strength to persevere and endure in spite of overwhelming obstacles." He was superman after all, he should know!

Al Paarl-skool se leerders is helde, almal wat die beste doen wat hulle kan - akademies, in sport en/of kultuur ten spyte van hul verskillende vermoëns of vaardighede. Almal van hulle wat krag gevind het om te volhard en verskeie struikelblokke te oorkom.

Elke Paarl-skoolleerder het 'n storie om te vertel. Ons is so bevoorreg om deel te wees van hul "stories" en om elke sukses te vier, hoe klein ook al. Suksesse wat hulle behaal het, ongeag die oorweldigende struikelblokke wat hulle teëgekom het.

Vyf-en-dertig nuwe leerders is gedurende hierdie jaar tot Paarl-skool toegelaat. Elkeen van hulle is deur verskeie rolspelers aan die hand geneem om hul reis hier by Paarl-skool te begin, om hulle te lei en te ontwikkel tot die beste wat hulle kan wees ten spyte van watter uitdagings hulle ook al mag teëkom. Met die hulpbronne tot ons beskikking, gee ons gelyke kanse aan elkeen van ons leerders. Die inhoud van die nuusbrief getuig daarvan.

'n Spesiale woord van dank aan elke ouer van Paarl-skool. Ek staan in verwondering en nederigheid voor u en bewonder u veerkragtigheid, moed en uithouvermoë, aangesien u nie noodwendig self hierdie spesiale skool-paadjie vir u kind gekies het nie. U is voorwaar spesiale ouers!

Ek salueer elke personeellid van Paarl-skool. Hul insette op verskeie vlakke in elkeen van ons 337 leerders se lewens is kosbaar en word waardeer. Die ywer waarmee hul hul dagtaak en ander aktiwiteite aanpak, getuig van die liefde vir ons leerders.

Persoonlike prestasies soos die deelname van 3 van ons personeellede (Elanza Jordaan, Suster Jordaan en Reinet Barnard) aan die 2024 Paralimpiese Spele was een van dié hoogtepunte van die jaar.

Hannelie Crous (Departementshoof: Voorskoolse Fase) en Marietjie Flint (Senior Huishoudingstoesighouer in die koshuis) het op 31 Oktober afgetree. Ons wens beide van hierdie kollegas 'n geseënde aftrede toe. Aan die einde van die 4de kwartaal neem ons afskeid van nog 4 personeelllede:

- Yvette Punt (Sielkundige)
- Marlene Marais (Maatskaplike werkster)
- Udine Machelm (Leerondersteuner in die IO-span)
- Adri van Wyk (Arbeidsterapeut)

Elkeen van hierdie personeellede laat 'n groot leemte, veral ten opsigte van hul ervaring, maar ook ten opsigte van hul passie, deernis en omgee. Hul vertrek is Paarl-skool se verlies. Vir die wêreld is hulle dalk net 'n opvoeder, terapeut of 'n koshuistannie, maar vir ons leerders was hulle helde! Ons weet dat hulle ons nooit sal vergeet nie.


Ons sien met baie verwagting uit na die nuwe personeellede wat vir 2025 aangestel is. Hulle is:

- Mariska McDonald (Graad 1 Afrikaans)
- Jeanne-Mari Cilliers (Arbeidsterapeut)
- Esté Botha (Maatskaplike werkster)
- Madeleine Swart (Sielkundige)

Ons weet hulle sal gou deel word van die Paarl-skoolfamilie.

Tydens Gestremdheidsregte Bewusmakingsmaand is heelwat bewusmakingsveldtogte van stapel gestuur. 'n Kykie in dié nuusbrief is 'n bewusmakingsveldtog op sy eie: ons leerders wat elke dag met leeuemoed aanpak is 'n getuie vir die uitdrukking *"differently-abled"*.

Seënwense vir die kersgety wat voorlê!



Annaline Norman
Skoolhoof

> A true hero isn't measured by the size of his strength, but by the strength of his heart.
> -Hercules-

# Hoofleiers 2024


Dale Lakay


Corbin Mitchley

**TROTS** *op julle!*



Prefekte bederf onderwysers en terapeute met 'n heerlike bordjie eetgoed op Onderwysers- en Terapeutedag.



Prefekte 2024, julle het julself goed van jul taak gekwyt.

Prefekte wens oudleerders van Paarl-skool sterkte toe met hul matriekeksamen.

## Waarde
### van die kwartaal




> "Sukses is nie finaal nie, mislukking is nie noodlottig nie: dit is die moed om voort te gaan wat tel."
> -Winston S. Churchill-

## Prefekte 2025

Die prefekte van 2025 is met groot opgewondenheid tydens die Prestige-aand aangekondig. Baie geluk aan die volgende leerders: Aloshay Arendse, Ben Metcalfe, Alicia Pietersen, Rethabile Njengele, Tiago de Oliveira, Jenay Pietersen, Moses Mohapi, Zack Patience, Gabriella Bekker en Baahir Corner. Ons glo julle gaan ons baie trots maak.



# Sonkragprojek

Gedurende Oktober 2024 het Sun Exchange sonpanele geïnstalleer om ‘n 101 kW-sonkragprojek in werking te stel om sodoende sonkrag aan Paarl-skool te voorsien. Die sonkragprojek is hoofsaaklik deur die Duitse nie-winsgewende organisasie, Capetopia (www.capetopia.org) befonds.

Paarl-skool se nuwe sonkragprojek sal bekostigbare, skoon energie aan die skool se sowat 500 personeellede en leerders verskaf, wat byna die helfte van die skool se energiebehoeftes vir die volgende 20 jaar dek. Paarl-skool sal 'n tarief per kilowatt-uur vir sonkrag betaal wat byna 75% laer is as die nutstarief in die eerste jaar alleen, met besparings wat na verwagting sal groei namate nutstariewe aanhou styg. Daarbenewens sal enige oortollige energie van die sonkragprojek, wat die skool nie gebruik nie, terug na die netwerk gevoer word.

Die kostebesparings wat met die sonkragprojek gerealiseer word, sal Paarl-skool in staat stel om daardie fondse te herbelê om meer leergeleenthede vir alle leerders te skep. Die sonkragprojek stel die skool ook in staat om sy klimaatsimpak te verminder.

Paarl-skool dien as 'n hulpbronsentrum en model vir ons omliggende gemeenskap. Met ons nuwe sonkragprojek is ons trots om te wys hoe 'n skool stappe kan neem om 'n meer volhoubare wêreld vir toekomstige geslagte te skep. Ons is dankbaar teenoor Capetopia vir hul ruim skenking en bly om Sun Exchange as ’n vennoot te hê om die sonkragprojek moontlik te maak.



# Prestige-aand

Die jaarlikse Prestige-aand is 'n gedenkwaardige gebeurtenis wat die harde werk en prestasies van ons leerders deur die jaar vier. Ouers, onderwysers en leerders het op 7 November 2024 bymekaargekom om dié wat uitgestaan het in akademie, sport en buitemuurse aktiwiteite te vereer. Spesiale toekennings is gegee aan leerders wat uitsonderlike toewyding, leierskap en deursettingsvermoë getoon het. Die geleentheid was weereens 'n wonderlike getuienis van die talent en vasberadenheid binne ons skoolgemeenskap. Baie geluk aan al ons pryswenners en dankie aan almal wat bygedra het tot die sukses van hierdie geleentheid!









# Kultuur

## Courage Eisteddfod

Die “Courage Eisteddfod” skep 'n platform vir leerders met spesiale behoeftes om op te tree, deel te neem en hul volle potensiaal te bereik ten spyte van hulle leerhindernisse en/of gestremdhede. Ons leerders het in verskeie kategorieë deelgeneem: sang, voordrag, kuns, kunsvlyt, spraakkoor, kreatiewe skryfwerk, dans, kletsrym en “beatbox”. Ons is baie trots op elke leerder.

| | |
|---|---|
| Totale inskrywings | 171 |
| Kategoriewenners | 17 |
| Cum Laude | 18 |
| Goud+ | 30 |
| Goud | 46 |
| Silwer+ | 34 |
| Silwer | 29 |
| Brons | 14 |







## Kultuuraand

Ons jaarlikse kultuuraand was 'n ongelooflike vertoonvenster van hoe musiek en drama almal kan bemagtig en vreugde kan bring, ongeag hul uitdagings. Die aand het 'n verskeidenheid optredes ingesluit, o.a. energieke musikale items, solo's en oulike gedigte. Die leerders het hard geoefen aan hul items en hul harde werk het vrugte afgewerp toe hulle met selfvertroue die verhoog betree het. Die kultuuraand bied vir ons leerders die geleentheid om hulle kreatiwiteit ten toon te stel en op hul eie spesiale manier te skyn.



## Wêreldsingdag

Op 19 Oktober was dit ons eerste deelname ooit aan die Wêreldsingdag wat in Amerika gestig is. Die liedjie van die jaar was 'n samevoeging van "Imagine & Heal the world". Dit was ‘n heerlike oggend van sing en dans saam met ons ouers en lede van die gemeenskap. Ons het saam met mense van regoor die wêreld gesing, van Australië, Europa tot Amerika.

Baie geluk aan Dale Lakay wat aangewys is as die graad 9 visuele kunskategoriewenner by die Paarlvallei Eisteddfod.







# Sport

## Landloop





Megan de Jager het tydens die Septembervakansie in Kimberley aan die Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskappe deelgeneem. Ons is baie trots op haar mooi prestasies.

## Rolstoelbasketbal

Sterkte aan Daniel Roode, Zack Patience en Rethabile Njengele wat vanaf 13 - 15 Desember 2024 aan die Nasionale Kampioenskappe in Johannesburg gaan deelneem as deel van die Wes-Kaapse rolstoelbasketbalspan. Furlon Isaks sal die span as een van die afrigters vergesel.



## Skaak



Ons leerders het aan hul laaste ligawedstryde deelgeneem, wat op 22 Oktober 2024 hier by Paarl-skool gehou is. Hulle het 3 van hul wedstryde gewen. Hulle het ook aan 'n skaaktoernooi teen Breedevallei Vaardigheidskool in Rawsonville deelgeneem, waar hulle hul eerste spanoorwinning behaal het.

# Koshuis

Die koshuis-Kerspartytjie was 'n heerlike fees gevul met feesgemoed. Die versierings was pragtig, die kos was heerlik en die musiek het die perfekte Kersstemming geskep. Die hoogtepunt was dat die leerders lieflike geskenke ontvang het, wat glimlagte orals gebring het. Baie dankie aan almal wat hierdié aand 'n vreugdevolle en onvergeetlike aand gemaak het!





# Nuus uit die fases

## Voorskoolse Fase

Die Voorskoolse Fase het 'n bittersoet kwartaal beleef toe ons afskeid geneem het van Hannelie Crous, wat einde Oktober, na 26 jaar by Paarl-skool, afgetree het. Ons wens haar alle sterkte toe in hierdie nuwe hoofstuk van haar lewe!













Op 'n helderder noot het ons 'n opwindende besoek van Edufanza gehad, waar die leerders 'n interaktiewe en opvoedkundige ervaring geniet het om die wonders van seelewe te verken. 'n Hartlike dankie aan ons ouers vir hul onwrikbare ondersteuning en dat hulle hierdie jaar so 'n onvergeetlike een gemaak het.



Baie geluk aan Claresha Samson, klashulp in die graad 3A-klas, met die geboorte van haar dogtertjie. Mag Lumeeqa tonne liefde en vreugde vir julle bring.



## Grondslagfase

Dit is vir ons vreeslik hartseer om vir Luzanne Brown in graad 1A te groet. Sy was deel van die Grondslagfase vanaf 2014 tot 2024. Sy sprei haar vlerke na die Voorskoolse Fase. Dankie dat jy altyd met soveel deernis met ons leerders gewerk het. Ons wens jou alle sterkte toe met die nuwe hoofstuk, al is ons harte baie seer.



Die leerders het die jaar afgesluit met hulle jaarlikse kerskonsert genaamd, “Kersfees-om-die-wêreld”. Dankie vir julle harde werk gedurende die jaar. Geniet julle vakansie en geniet die welverdiende rus.



Ons groet vir Mariëtta Crous wat afgelos het in die graad 3A-klas gedurende die derde en vierde kwartaal, terwyl Elana Carstens met siekverlof was. Ons is dankbaar vir die sagte en liefdevolle manier waarop sy met die leerders gewerk het.



Dankie aan die Grondslagfase ouers wat ons elke kwartaal ondersteun het met die koekverkoping. Elke donasie word waardeer. Sonder julle sou die koekverkopings nie so suksesvol verloop het nie.

## Intermediêre Fase

Hierdie kwartaal was ons hooffokus die einde-van-die-jaar-toetsreeks en ons leerders het saam met die Senior Fase-leerders eksamen afgelê soos wafferse studente! Ons is so trots op hoe ons leerders hulself gehandhaaf en gedra het. Na afloop van die eksamen het ons ‘n vol en opwindende program tot op die laaste dag gehad. Nie net het ons ‘n heerlike Pêrelklubdag saam met Bokradio gehad nie, maar het ons ook na ‘n boekvoorlesing deur een van ons eie mammas, Tannie Elizbé van der Colff, geluister. Die Two Oceans Akwarium het ons besoek met ‘n interaktiewe, opvoedkundige aanbieding wat ons baie geniet het. Ons sluit ons jaar op ‘n hoogtepunt af met ‘n prettige partytjie, kompleet met boereworsrolle, piekniekkos en vir oulaas saamkuier met ons maters. Ons groet ons Graad 6-leerders wat hard gewerk het om Senior Fase toe te skuif en sien uit daarna om volgende jaar ons nuwe Graad 4’s te verwelkom.



Die leerders werk konkreet in Wiskunde.



Ons assistente en fasiliteerders verbeter hulle vaardighede.



Die dogters ontvang geskenkies.



Leerders skryf eksamen.

## Werksvoorbereiding

Die Werksvoorbereiding 5-leerders vier elke jaar “30 days”. Hierdie jaar was geen uitsondering nie. Op Vrydag, 1 November, het die leerders (én personeel) heerlik gekuier, speletjies gespeel en lekker partytjie gehou. Ons vier die jare wat die maats saam in die klas was - van kleins af tot waar hulle vandag, as 18 jariges, die laaste 30 dae van skool saam geniet.





# Funksionele Fase en Werksvoorbereiding

Op 5 November is die Funksionele- en Werksvoorbereidingsfase se jaarlikse Kersfeespartytjie gehou. Die verrigtinge het begin met 'n boodskap oor kleure van die reënboog. Elke skoolverlater het al die kleure van die reënboog in hom- of haarself om ‘n kleurvolle toekoms te skilder. Ons het ook afskeid geneem van die personeel wat weggaan en ’n groot bydrae in die fase gelewer het. Elke skoolverlater het ‘n sertifikaat ontvang en hulle ouers, wat die spesiale geleentheid bygewoon het, kon vir oulaas saam met ons skoolhoof, personeel en mekaar kuier en koffie drink. Al die leerders is bederf met lekkernye of partytjiepakkies en yskoue koeldrank. Daarna het almal gedans. Personeel en leerders het hulself baie geniet en onvergeetlike herinneringe gemaak.



Mnr. Furlon Isaks trou op 21 Desember met Lezelia van Zyl. Paarl-skool wens hulle ‘n leeftyd van liefde en geluk toe. Mag God julle albei seën met ’n lang en gelukkige getroude lewe.







## Senior Fase

Alhoewel dit ‘n baie besige kwartaal met al die eksamenvoorbereidings was, het die leerders moed bymekaar geskraap en skitterende werk by die Eisteddfod gelewer. Ons is baie trots op elke Senior Fase-leerder wat die ekstra myl hierdie kwartaal gestap het.



Die Senior Fase Christengroep het ‘n heerlike jaareindpiekniek met pizza en lekkernye onder die bome gehad. Alhoewel ons ‘n paar graad 9’s moes groet, sien ons uit daarna om volgende jaar weer meer van God te leer.



Hierdie jaar se tema vir die Graad 9’s se laaste 40-dae viering was “My perfekte skooluniform”. Die leerders het ons verbaas met hulle kreatiewe uitrustings.



In Geografie het die graad 9-klas voetspore gemaak met wenke hoe almal hulle koolstofvoetspoor ligter kan maak.

# Ondersteuning- en Inklusiewe Onderwysspan

Hierdie was ‘n jaar van baie verandering en uitdagings in die ondersteuningspan. Na tien jaar van saamwerk as dieselfde span van 18 lede het ons hierdie jaar sewe mense verloor deur aftrede, bevordering en bedanking. Dit is ‘n groot verlies aan ervaring en kundigheid, maar ons het egter baie bekwame persone in hulle plekke aangestel. Ons groet hierdie kwartaal vier lede van ons multidissiplinêrespan en gaan hulle teenwoordigheid, kennis en omgeeharte geweldig baie mis.



Ons groet vir Yvette Punt, opvoedkundige sielkundige, wat sewe jaar betrokke was by Paarl-skool. Sy het haarself nie net onderskei as ‘n waardevolle kollega en vriendin nie, maar het ook as gevallebestuurder ‘n onskatbare bydrae gelewer in vele leerders en ouers se lewens. Haar toewyding en omgee vir ons leerders, ouers en personeel verdien spesiale vermelding. Ons het baie by Yvette geleer - ons wens vir haar net voorspoed en sukses toe.



Marlene Marais, maatskaplike werker, verlaat Paarl-skool na dertien jaar. Marlene se rol in soveel leerders en ouers se lewens sal nooit in woorde vervat kan word nie. As deel van die Paarl-skool span het sy vele leerders, ouers en personeel op verskeie maniere ondersteun. Sy is ‘n gewaardeerde kollega, vriendin en “tannie” en haar insig, wysheid en professionaliteit sal verseker ‘n leemte laat. Ons wens vir haar net voorspoed toe.



Na baie jare van toewyding en harde werk, neem ons afskeid van Adri van Wyk, arbeidsterapeut by Paarl-skool vir die afgelope 18 jaar. Haar onbaatsugtige diens en die liefde wat sy vir haar werk en die leerders het, het 'n enorme impak gemaak. Adri is nie net ‘n kollega nie, maar 'n vriendin en 'n inspirasie vir ons almal. Ons sal haar altyd onthou vir haar vriendelikheid, geduld en deernis. Ons wens haar alles van die beste toe in haar aftrede.



Udine Machelm verlaat Paarl-skool aan die einde van 2024 om haar Meestersgraad in Opvoedkundige Sielkunde te voltooi (internskap). As leerondersteuning-opvoeder is sy sedert 2022 'n lid van die Inklusiewe Onderwys Uitreikspan. Sy het ons geïnspireer met haar toewyding en passie vir ons mees kwesbare leerders. Ons sal haar kreatiwiteit, werksetiek en sin vir humor mis. Ons wens haar alle sterkte toe vir haar toekoms.

# Landsdiens

Ons Landsdiensleerders het onlangs hul kulinêre vaardighede ten toon gestel deur hul eie braaibroodjies te maak — wat 'n lekker ervaring! Ons het ook 'n opwindende speletjiesdag aangebied, gevul met pret en lag terwyl die leerders dit geniet het om 'n verskeidenheid speletjies saam te speel. Die jaar is afgesluit met ‘n heerlike Kersmark en piekniek en nou sien ons opgewonde uit na die langverwagte Landsdiens Nasionale kamp wat in die Noord-Kaap gehou gaan word .





# Gestremdheidsregte Bewusmaking

3 November - 3 Desember 2024 was Gestremdheidsregte Bewusmakingsmaand en Paarl-skool het heelwat inisiatiewe geloods om die publiek bewus te maak van gestremdhede en die regte van persone met gestremdhede. Op 22 November het ons skoolverpleegkundiges 'n "stap-in-my-skoene" vir onderwysers en terapeute gereël. Personeel moes van 'n rolstoel, krukke of blinddoek gebruik maak met die doel om die uitdagings van leerders met spesiale behoeftes te ervaar, empatie te kweek en die belangrikheid van toeganklikheid te verstaan. Die reënboog-tema simboliseer diversiteit, eenheid en die kosbaarheid van inklusiwiteit binne ons skoolgemeenskap. Hierdie bewusmakingsveldtog is op ‘n hoogtepunt afgesluit waar Paarl-skoolleerders bederf is met 'n pretdag wat spesiaal gereël is deur HOOP, Bokradio en Brackenfell Gemeenskap Polisieforum. Aangesien die bewusmaking van die behoeftes van ons spesiale leerders ten doel was, het elkeen van ons 328 leerders op een of ander wyse deelgeneem aan die aktiwiteite wat aangebied is. Die gelukkige gesiggies in die foto's getuig van die sukses van die dag. Baie dankie aan Wilinda Ford van HOOP wat leiding geneem het met die projek asook elke verskaffer wat deel was van die dag. Klik op skakels onderaan die bladsy vir meer inligting oor ons verskaffers.  Ons waardeer die inisiatief opreg.













All things nice Make-up

Chris Welsch

Andriette Norman Events

HOOP Bokradio

Rumble Grumble Parties

Brackenfell Polisieforum

# PSOS

## Paarl-skool Ontwikkelingstigting

### Wie is ons?

Die Paarl-skool Ontwikkelingstigting is 'n nie-winsgewende geregistreerde organisasie.

### Wat doen ons?

Die PSOS ondersteun die skool finansieel. Dit verhoog ook bewustheid oor die skool se behoeftes en die uitdagings van kinders met gestremdhede. Die PSOS dien dus as 'n brug tussen weldoeners en die skool, wat dit vir almal maklik maak om te help.

### Hoekom doen ons dit?

Paarl-skool is grootliks afhanklik van die ruimhartigheid van korporatiewe donateurs, besighede en die gemeenskap om aan sy behoeftes te voldoen.

## Digitale resepteboek

Ons is opgewonde om ons digitale resepteboek, "Summer Plates, Happy Hearts – Recipes That Give Back" bekend te stel. Hierdie versameling bevat resepte van die Paarl Skool-klasse en -groepe, gepaard met pragtige foto's wat spesiale herinneringe van 2024 vasvang. Dit is die perfekte Kersgeskenk wat heerlike inspirasie met opregte betekenis kombineer. Kry jou eksemplaar aanlyn vir slegs R57!







### HOE OM JOU DIGITALE RESEPTEBOEK TE KOOP



1. **Klik op die Payfast-skakel.**
   Begin deur op die betalingskakel te klik.
2. **Voer jou eposadres in.**
   Tik jou **eposadres** in wanneer dit versoek word (nie selnommer nie).
3. **Volg die Payfast betalingsinstruksies.**
   Voltooi die betalingsproses deur die stappe op die skerm te volg.
4. **Laai jou resepteboek af.**
   Sodra jou betaling suksesvol is, sal jy na 'n dankie-bladsy herlei word met die aflaaiskakel vir die resepteboek. Laai die boek op jou rekenaar/selfoon af.
5. **Kyk na jou epos.**
   Jy sal ook 'n bevestigingsepos ontvang met 'n skakel na die resepteboek.

Lekker kook!





## Doppieprojek

Ons doppieprojek groei! Dankie veral aan jongmense soos Takunda Muchuweni (‘n Paarl-skool-oudleerder) en Abigail Coetzee wat die gemeenskap mobiliseer met hierdie projek!

## Lojaliteitsprojekte

Baie dankie aan diegene wat Paarl-skool alreeds ondersteun met **SchoolDays** (DisChem) en **MySchool** (Woolworths) kaarte. Maak gerus vir Paarl-skool - Brackenfell u begunstigde indien u nog nie het nie en laat waai met die “swipes”! Baie dankie, Schooldays en MySchool, vir die maandelikse donasies wat Paarl-skool van u ontvang.

Klik om te registreer









## Sosiale media

Volg ons op **Facebook** en **Instagram** vir interessante Paarl-skoolstories, nuusbrokkies asook waardevolle en nuttige inligting.

Klik om te volg

## Klub100

Met hierdie projek kan goedhartige mense onderneem om elke maand R100 vir een jaar te skenk. Die fondse help dat Paarl-skoolleerders broodnodige dienste en sorg kan ontvang. Kontak asseblief die PSOS-kantoor vir meer inligting.

## MEMO

## Korporatiewe donasies

Die PSOS is ‘n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan hiervoor uitgereik word. Laat weet ons gerus van enige nuwe kontakte hiervoor.


## Pick-a-Pearl



Met hierdie projek kan instansies spesifieke behoeftige leerders se skoolfonds, busgeld of koshuisgeld borg. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan ook hiervoor uitgereik word.

## Doppies vir herwinning

Stuur u (skoon) plastiekdoppies skool toe - ons verdien ‘n lekker geldjie hiermee!



## Webwerf

Besoek die Paarl-skool Ontwikkelingstigting se webwerf!

**https://www.paarlschooldf.com/**

Klik vir webwerf

## Kontakbesonderhede


**Martie Wilmot:**
ontwikkeling@paarlskool.org.za
**Elizbè van der Colff:**
psos@paarlskool.org.za
021 981 3756
071 972 2967


Paarl Skool School
Ontwikkelingstigting
Development Foundation